Tekste: Gesang 446; Matteus 5: 4, 2022.
Fokus teks: Efesiërs 4: 17 – 5: 5, 1983
Liedere: Gesang 245: 1-3; VONKK 5: 1-2; VONKK 104: 1-3; VONKK 84: 1-3; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

---

## AANKONDIGINGS:

- Ons Top&Tags-projek vir rystoele het gegroei. Ons het nou 26% Tops en 14% Tags op pad na ons 13de rystoel ingesamel. Laat die doppies rol!
- Ons het hierdie week baie spesiale verjaarsdae! Hartlik Geluk aan almal wat hierdie week verjaar! Vandag, 22 Maart, verjaar oom Pine Pienaar, hy is vandag 83jaar oud. Maandag 23 Maart is dit die beurt van Melinda Villiger en Marietjie Delport. Dinsdag 24 Maart verjaar Carlyle Badenhorst. Op Donderdag 26 Maart verjaar die oudste lidmaat in ons gemeente, oom Braam de Beer word 90 jaar oud. Die gemeente het vir hom 90 kolwyntjies gebak en wil hê julle moet na die erediens dit saam met hom in die saal kom geniet. Dan op Saterdag 28 Maart verjaar oom Len Marx en hy word 88 jaar. Ons dank die Here vir al hierdie genade en wens julle net die mooiste en gesondste dae vorentoe.
- BEGROTING: 1 Maart 2026 tot 28 Februarie 2027. Die vorige begroting is afgehandel en die syfers word nou voorberei vir eksterne oudit. Die begroting het

met ‘n wins afgesluit. Hieroor is ons besonder dankbaar. Dit was hoofsaaklik as gevolg van gunstige uitgawes en beter as begrote inkomstes. Met die nuwe begroting werk ons met die werklike syfers van die vorige begroting. Ons begroot vir ‘n gemiddelde inkomste verhoging van 4,5% en ‘n gemiddelde uitgawe verhoging van 4,5%. Aan die uitgawe kant begroot ons vir 10% verhoging in bankkostes en 15% verhoging in munisipale kostes. By die traktement begroot ons vir ‘n 2,7% verhoging. Dit plaas die traktement op 8% onder die Sinodale skale vir predikante met spesifieke diensjare. Dit is met die predikant, in oorleg met die Ringskommissie, ooreengekom. Ons predikant sal steeds voltyds in bediening en diens by die gemeente werksaam wees. Die mediese plan van die predikant word afwaarts aangepas (-22%), ‘n besparing van R1500 per maand. Hier bespaar die gemeente en R1000 van hierdie besparing word by die vervoertoelaag geplaas ~ Daar was geen verhoging oor die vorige tien nie. Stuur enige navra of voorstelle aan die sekretaris van

die Finkom (Dr Hannes Janse van Rensburg ~ 0829273700.

## LIEF & LEED:

- Elsie van Eeden is weer in die Pretoria-Oos hospitaal opgeneem waar sy dialise ondergaan en nog verdere toetse. Daar word nog gewag op toets uitslae. Sy kan moontlik na die naweek weer ontslaan word.

## KLOK:

Gemeente van die Here, op hierdie vyfde Lydensondag tree ons dieper in op die pad van Christus se lyding. ’n Pad wat nie net oor pyn en opoffering gaan nie, maar oor vernuwing en nuwe lewe. In hierdie week word ons geroep om ernstig te kyk na ons eie lewens, om, soos Efesiërs 4 ons leer, die ou mens af te lê en die nuwe mens aan te trek wat na God geskape is. Dit is ’n tyd van selfondersoek, bekering en die bewuste keuse om anders te leef, om te breek met wat nie meer by Christus pas nie. Daarom sal ons vandag simbolies vyf kerse doodblaas,

een vir elke week van die Lydenstyd wat reeds aangebreek het. 'n Herinnering dat die lig al hoe meer verdof soos ons nader beweeg aan die kruis, maar ook 'n uitnodiging om juis in hierdie donkerte vas te hou aan die Lig van God se genade en vernuwing.

## TOETREDE:

Ons staan vir 'n toetrede lied Gesang 245: 1-3 ~ Ek wat vergifnis, Heer, ontvang het; direk daarna die votum, seëngroet en 'n lofsang, VONKK 5: 1-2 ~ Vreugde! Vreugde, juig van vreugde, want ons Heiland het verrys.

## Gesang 245: 1-3 ~ Ek wat vergifnis, Heer, ontvang het sing dankbaar my verlossingslied.

## VOTUM:

Drie-enige God, aan U die eer en dank vir u genade. Soli Deo Gloria (Gesang 446).

Tekste: Gesang 446; Matteus 5: 4, 2022.
Fokus teks: Efesiërs 4: 17 – 5: 5, 1983
Liedere: Gesang 245: 1-3; VONKK 5: 1-2; VONKK 104: 1-3; VONKK 84: 1-3; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

## SEËN:

Gelukkig en bevoorreg is mense wat baie hartseer is, want God sal hulle moed gee (Matteus 5: 4, 2022).

## LOFLIED:

VONKK 5: 1-2 ~ Vreugde! Vreugde, Juig van vreugde, want ons Heiland het verrys.

## GELOOFSBELYDENIS

"Ons glo in een God - die almagtige Vader - die Skepper van die hemel en die aarde - en van alle sienlike en onsienlike dinge; en in een Heer - Jesus Christus - die eniggebore seun van God - gebore uit die Vader voor alle tye; God uit God - Lig uit Lig - waaragtige God uit waaragtige God – verwek - nie gemaak nie - een in wese met die Vader; deur wie alle dinge ontstaan het; wat ter wille van ons - die mense - en ter wille van ons saligheid - neergedaal het uit die hemel - vlees geword het deur die Heilige Gees uit die maagd Maria - en mens geword het - wat selfs vir ons gekruisig is onder Pontius Pilatus - gely

het en begrawe is; - en op die derde dag weer opgestaan het volgens die Skrifte; - wat opgevaar het na die hemel - en wat sit aan die regterhand van God die Vader; - wat weer sal kom met heerlikheid om te oordeel - dié wat nog lewe en dié wat reeds gesterf het; - wie se koningsheerskappy geen einde sal hê nie; - en in die Heilige Gees - die Heer en Lewendmaker - wat van die Vader en die Seun uitgaan - wat saam met die Vader en die Seun aanbid - en verheerlik moet word - wat gespreek het deur die heilige profete; - Ons glo een heilige - algemene kerk - gegrond op die leer van die apostels; - Ons bely een doop tot vergifnis van sondes; Ons verwag die opstanding van die ontslapenes - en die lewe van die toekomstige eeu.

AMEN

Ons het ons geloof bely. Kom ons wy ons lewe opnuut aan die Here deur VONKK 104: 1 -3 te sing.

Tekste: Gesang 446; Matteus 5: 4, 2022.
Fokus teks: Efesiërs 4: 17 – 5: 5, 1983
Liedere: Gesang 245: 1-3; VONKK 5: 1-2; VONKK 104: 1-3; VONKK 84: 1-3; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

---

## SKRIFLESING: Efesiërs 4: 17 - 32

17In die Naam van die Here doen ek 'n ernstige beroep op
julle: Moenie langer soos heidene lewe nie. Hulle
gedagtes lei tot niks, 18hulle verstand is verduister, en
hulle het geen deel aan die lewe wat God skenk nie,
omdat hulle hardnekkig in hulle onkunde volhard. 19Hulle
het heeltemal afgestomp geraak en hulle met 'n
onversadigbare drang aan losbandigheid oorgegee om al
wat vuil is, te doen.

20Maar dit is nie hoe julle Christus leer ken het nie. 21Julle
het tog van Hom gehoor, en omdat julle sy volgelinge is,
is julle onderrig volgens die waarheid wat in Jesus is.
22Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het;
breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige
begeertes verteer word. 23Julle gees en gedagtes moet
nuut word; 24lewe as nuwe mense wat as die beeld van
God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en
wees heilig.

25Noudat julle die valsheid afgelê het, moet julle onder
mekaar die waarheid praat, want ons is lede van dieselfde
liggaam.

---

26 As julle kwaad word, moenie sondig nie, en moenie 'n
dag kwaad afsluit nie. 27 Moenie die duiwel vatkans gee
nie.

28 As iemand 'n dief is, moet hy ophou steel; hy moet deur
harde werk op 'n eerbare manier self in sy
lewensonderhoud voorsien; dan sal hy iets hê om vir die
armes te gee.

29 Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat
net wat goed en opbouend is volgens die eis van
omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan
kom.

30 En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie, want
Hy het julle as die eiendom van God beseël met die oog
op die verlossingsdag.

31 Moet nooit verbitter of opvlieënd wees of woedend word
nie; moenie vloek of skel nie; moet niks doen wat sleg is
nie. 32 Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en
vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe
het.

Tekste: Gesang 446; Matteus 5: 4, 2022.
Fokus teks: Efesiërs 4: 17 – 5: 5, 1983
Liedere: Gesang 245: 1-3; VONKK 5: 1-2; VONKK 104: 1-3; VONKK 84: 1-3; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

---

## Laat ons saam bid:

## PREEK:

Geliefde gemeente van die Here,

Daar is ’n verhaal van ’n man wat vir jare op die straat geleef het. Sy klere was vuil, geskeur en deurdrenk van die stukkende lewe wat hy geleef het. Op ‘n dag het iemand hom na ‘n skuiling opgeneem en daarvoor betaal.

Daar het hulle vir hom nuwe klere gegee; skoene, ’n skoon broek, nuwe onderklere, kouse, ’n vars hemp en mooi nuwe warm baadjie. Maar hy het geweier om dit aan te trek. Hoekom sal ons vra? Is hy miskien ondankbaar? Besef hy nie mooi wat die gawe man vir hom gedoen het nie?

‘n Geskokte personeellid vra hom toe ... Hoekom wil jy nie die nuwe klere hê nie? Hy het stadig en hakkelend geantwoord: omdat my ou klere vir my gemaklik en bekend is. Dit was sy identiteit. Dit was wie hy geword het.

Tekste: Gesang 446; Matteus 5: 4, 2022.
Fokus teks: Efesiërs 4: 17 – 5: 5, 1983
Liedere: Gesang 245: 1-3; VONKK 5: 1-2; VONKK 104: 1-3; VONKK 84: 1-3; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

---

Eers later, met moeite en aanmoediging, het hy uiteindelik die ou klere uitgetrek en nadat hy lekker gebad en die nuwe klere aangetrek het, het daar iets met hom begin gebeur. Meer as net sy voorkoms het verander. Hy het anders oor homself begin dink, hy het anders begin praat en anders begin doen. Dit het hom meer en meer selfvertroue gegee en hy het later suksesvol na homself begin omsien.

Dit is die beeld waarmee Paulus in Efesiërs werk. Hy praat nie oor letterlike klere nie, maar oor identiteit. Oor wie jy was, en oor wie jy nou in Christus word.

Onthou die mense in Efese, vir wie Paulus hier skryf woon in ’n groot, welvarende stad. ’n Stad wat ons vandag sou beskryf as sekulêr. Dit beteken eenvoudig dat God nie meer die middelpunt van die samelewing is nie. Mense leef asof God nie werklik saak maak nie. Alles draai om sukses, plesier, sélf vervulling, genot, mag, gesag en dinge van die eie EK. Dit was nie noodwendig ’n “slegte”

plek nie, inteendeel, dit was ’n vooruitstrewende, dinamiese pragtige stad. Maar dit was ook ’n plek waar mense geestelik vervreem geraak het, arm geraak het. Waar hulle denke verduister geraak het, soos Paulus sê. Waar hulle afgestomp geraak het teenoor dit wat reg en verkeerd is.

En Paulus kyk na die gemeente en sê: “So moet julle nie meer leef nie.” Want, sê hy, “dit is nie hoe julle Christus leer ken het nie.”

Daar is iets radikaal in hierdie woorde. Om Christus te ken, beteken dat jou lewe nie meer dieselfde kan lyk as voorheen nie. Dit vra ’n breuk met die ou manier van leef. Dit vra dat jy iets moet aflê, dat jy jou ou klere moet uittrek.

Maar dit is nie maklik nie! Want die ou klere sit gemaklik. Selfs al is dit nie reg nie, selfs al is dit vuil, selfs al hou dit ons vas ... dit is bekend. Ons raak gewoond aan sekere gewoontes, sekere houdings, sekere maniere van dink. Ons raak gewoond aan woede wat ons altyd regverdig.

Aan woorde wat mense afbreek. Aan klein kompromieë wat later groot afstand tussen ons en God bring. En stadig maar seker begin ons dink: dis seker nie so erg nie. Dis maar hoe dinge werk. Almal doen dit. Ek is maar so gemaak en so laat staan.

En juis daar, sê Paulus, moet daar 'n besluit kom. "Julle moet die ou mens aflê." Dit gebeur nie vanself nie. Dit is nie iets wat net wegval nie. Dit is iets wat jy doelbewus moet doen. Ons noem dit bekering. Bekering is nie net 'n gevoel nie, dit is 'n keuse wat in dade oorgaan. 'n Daaglikse keuse.

En dan raak Paulus baie konkreet. Hy praat nie vaag nie. Hy sê: lê die leuen af en praat die waarheid. Lê woede af en soek versoening. Lê diefstal af en begin gee. Lê vuil taal af en praat woorde wat opbou. Met ander woorde, die nuwe lewe is nie 'n abstrakte idee nie, dit word sigbaar in hoe jy leef, hoe jy praat, hoe jy mense hanteer, hoe jy jou ouers, jou man, jou vrou, jou vriend, jou huishulp hanteer.

Paulus stop nie daar nie. Hy sê nie net: trek uit nie. Hy sê ook: trek aan. “Trek die nuwe mens aan, die klere (mens) wat na God geskape is.”

Dit is die hart van die evangelie. Jy word nie net geroep om iets te los nie, jy word geroep om iets nuuts te ontvang en te leef. Die nuwe klere is nie net beter gedrag nie. Dit is ’n nuwe identiteit. ’n Lewe wat gevorm word na die beeld van Christus.

En dan, in Efesiërs 5, vat Paulus dit nog dieper. Hy sê: “Wees navolgers van God… en leef in liefde, soos Christus ons liefgehad het.” Skielik besef ons: die nuwe klere het ’n naam. Dit is Christus self. Om die nuwe mens aan te trek, beteken om al hoe meer soos Hy te leef, om lief te hê soos Hy liefhet, om te vergewe soos Hy vergewe, om te gee soos Hy gee.

Maar kom ons wees eerlik: dit is nie maklik nie. Nie vir die Efesiërs nie, en nie vir ons nie. Want ons leef ook in ’n sekulêre wêreld. ’n Wêreld waar waarheid ‘n luukse

geword het. Waar mense sê: "Doen net wat vir jou reg voel." Waar sukses en selfvervulling dikwels belangriker is as karakter en gehoorsaamheid. En in so 'n wêreld is dit maklik om weer die ou klere aan te trek. Om stadig maar seker terug te gly in ou patrone.

Daarom vra hierdie teks van ons iets baie konkreet: Hoe trek ons die nuwe klere aan?

Dit begin by 'n lewe naby aan God. Jy kan nie die nuwe mens leef as jy ver van God af leef nie. Dit vra tyd in die Woord, tyd in gebed, 'n bewuste oopheid vir die werk van die Heilige Gees. Die nuwe lewe groei nie vanself nie, dit word gevorm in verhouding. Dit is met ander woorde relasioneel.

Dan sê Paulus: leef in liefde. Nie net 'n gevoel nie, maar 'n selfopofferende, Christus liefde. Dit wys in hoe jy praat, hoe jy reageer, hoe jy doen.

Tekste: Gesang 446; Matteus 5: 4, 2022.
Fokus teks: Efesiërs 4: 17 – 5: 5, 1983
Liedere: Gesang 245: 1-3; VONKK 5: 1-2; VONKK 104: 1-3; VONKK 84: 1-3; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

---

Gemeente, dit is die vyfde lydensweek van 2026. Ons is op pad na die kruis. En elke week word die pad ernstiger, die lig 'n bietjie dowwer. Maar juis in hierdie week kom die vraag baie naby: Wat dra jy nog wat jy moet uittrek?

Miskien is dit 'n houding. Miskien 'n sonde. Miskien 'n gewoonte of 'n manier van dink wat jy al lankal moes van ontslae raak. Die Gees wys dit vir jou.

So hierdie week: trek die ou klere uit. Noem dit by die naam. Bely dit voor God. Laat dit los. En trek dan die nuwe klere aan en kies waarheid, kies liefde, kies heiligheid. Want uiteindelik gaan dit nie oor klere nie. Dit gaan oor Christus. Om Hom aan te trek. Om soos Hy te leef.

Mag ons as gemeente, in hierdie lydingstyd, sigbaar anders wees. Nie perfek nie. Maar nuut.
Amen.

Tekste: Gesang 446; Matteus 5: 4, 2022.
Fokus teks: Efesiërs 4: 17 – 5: 5, 1983
Liedere: Gesang 245: 1-3; VONKK 5: 1-2; VONKK 104: 1-3; VONKK 84: 1-3; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

---

Ons sluit vandag af met Paulus se woorde in Efesiërs 5: 1-5. Wat is die wet van God? Die wil van Christus? Paulus sê:

## Efesiërs 5:1–5 – Doen die liefdesloop

1 Wees nabootsers van God. As sy geliefde kinders moet
julle net doen wat Hy doen. 2 Loop in liefde; leef in liefde.
Julle moet ander liefhê soos wat Christus ons liefgehad het. Hy het Homself ter wille van ons opgeoffer aan die kruis. In ons plek het Hy sy lewe aan God weggegee soos ’n brandoffer en ’n reukoffer.

3 Seksuele immoraliteit, vieslike gedrag wat mense se lewens besoedel en geldgierigheid in enige denkbare vorm mag nooit deel uitmaak van julle lewe nie. Julle moenie eens oor sulke dinge met mekaar praat nie. Leef stylvol en getrou in die waarheid, soos wat dit pas by heiliges wat aan God behoort.

4 Systap vulgêre taal, dwase praatjies en vieslike gesprekke. Sulke taal pas nie by ons as heiliges nie. Gepaste taal vir ons lippe is dié van danksegging. Deur ons woorde bring ons altyd dank en lof aan God.

---

5Julle moet weet dat niemand wat seksueel onrein leef, of wat vieslike dinge aanvang wat hulle lewens besoedel, of wat verslaaf is aan geld en besittings, of wat dooie afgode aanbid, ooit die koninkryk van Christus en God as erfenis sal ontvang nie. Hulle sal nie in Christus en God se nuwe wêreld toegelaat word nie.

## SLOTSANG: Kom loof die Here (staande) VONKK 84: 1-3.

## SEËN: Staan

Gesang 268 + Psalm 134: 1-2 + Gesang 268